education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## ADDENDUM

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2008

**Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.**


Blaai om asseblief

**VRAAG 1: HOE IS SUID-AFRIKA DEUR DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 BEVOORDEEL?**

**BRON 1A**

Hierdie uittreksel is geneem uit *The Ancient Diplomacy of Liberation*. Dit verduidelik De Klerk se motivering vir hervorming.

> President FW de Klerk het teenoor sy broer, Willem, opgemerk dat die ineenstorting van die kommunistiese ideologie in Rusland dit vir hom makliker gemaak het om met die ANC te onderhandel.
>
> Die agteruitgang en ineenstorting van kommunisme in Oos-Europa en Rusland het 'n nuwe situasie geskep. Voorheen was die ANC 'n instrument van die ekspansionisme van Rusland in Suidelike Afrika. Toe dit weggeval het, is die mat ook onder die ANC uitgeruk. Die basis van hulle finansies, hulle advies en morele ondersteuning het ineengestort. Dit is asof die Here vir die bedeling 'n draaipunt in die wêreldgeskiedenis teweeggebring het. Ons moes die geleentheid aangryp … Die risiko dat hulle die Trojaanse perd van wêreldmag kon wees, het drasties verminder.

**BRON 1B**

Die volgende is 'n uittreksel wat vertaal is uit *Tomorrow is Another Country* deur Alistair Sparks, waarin hy die impak van De Klerk se toespraak beskryf.

> Tuis was daar 'n mengsel van trauma, blydskap en ongeloof terwyl verskillende groepe gesukkel het om so 'n diepgaande verandering te verwerk. Oorsee was daar 'n gevoel van verwondering en verligting. So kort op die hakke van Mikhail Gorbachev se perestroika 'herstrukturering' rewolusie was daar nog 'n wonderwerk van hervorming: eensklaps is Suid-Afrika en alles wat dit gesimboliseer het, getransformeer. Die toespraak op 2 Februarie het dieselfde vir rasseverhoudings oral beteken as wat die val van die Berlynse Muur vir kommunisme beteken het. Dit het die einde beteken van die wêreld se laaste rasse-oligargie.
>
> Net soos Gorbachev nie kon geweet het dat sy herstrukturering van die Sowjet-sisteem sou lei tot die verlies van sy Oos-Europese ryk, die ineenstorting van kommunisme en die verbrokkeling van die Sowjet-Unie self nie, het De Klerk ook nie verwag dat sy hervormings sou lei tot swart meerderheidsregering en die einde van Afrikanernasionalisme voor die einde van die dekade nie.

Kopiereg voorbehou

**BRON 1C**

William Beinart, 'n historikus, het in 1994 geskryf:

> Beide die ineenstorting van kommunistiese stelsels en die realiteite van 'n verswakte Suid-Afrikaanse ekonomie het die ANC se ekonomiese denkwyse beïnvloed. Idees soos die nasionalisering van myne is uitgestel. Die probleme om so 'n komplekse industrie te bestuur, om met kragtige en verpolitiseerde unies te handel en om die arbeidsmag te stabiliseer, het die potensiële koste van staatsverantwoordelikheid duideliker laat blyk. Teen 1991 het Kongres meer klem gelê op 'groei met herverdeling' en 'n gemengde ekonomie eerder as nasionalisering.

**BRON 1D**

Die volgende uittreksel is geneem uit *Africa*: *A Modern History.* Dit handel oor hoe die IMF (Internasionale Monetêre Fonds) en die Wêreldbank voorwaardes vir die toestaan van 'n lening aan Suid-Afrika gestel het.

> Ernstige pogings deur die Wêreldbank en die IMF om die nuwe demokrasie se beleid te beïnvloed, het uiteindelik in November 1993 vrugte afgewerp, toe die ANC-onderhandelaars 'n IMF Kompenserende en Gebeurlikheidsfinansieringsfasiliteit van 850 miljoen dollar onderteken het. … Die doel van die lening was om Suid-Afrika se betalingsbalans te steun na die afname in die uitvoer van landbouprodukte en die toename van invoere as gevolg van 'n lang droogte. Die lening is toegestaan op voorwaarde van 'n onderneming deur 'n 'wettige' liggaam dat die ekonomie op 'n verantwoordelike wyse bestuur sou word en dat Suid-Afrika die Algemene Ooreenkoms op Tariewe en Handel (GATT) sou onderteken. Sodoende is die ANC tot 'n omsigtige ekonomiese beleid verbind.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## VRAAG 2: HOE HET DIE VAL VAN DIE SOWJET-UNIE ZAÏRE (DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO) BEÏNVLOED?

### BRON 2A

Die volgende bron beskryf die invloed van die val van die Sowjet-Unie op Zaïre.

> Na die val van die Sowjet-Unie, het VS-verhoudinge met Kinshasa afgekoel, aangesien Mobutu nie langer as noodsaaklik as 'n Koue-Oorlog-bondgenoot beskou is nie en sy opponente in Zaïre eise vir hervorming versnel het. Hierdie atmosfeer het daartoe bygedra dat Mobutu die Derde Republiek in 1990 verklaar het. Die grondwet daarvan was veronderstel om die pad vir demokratiese hervormings te vergemaklik. Die hervormings was egter grootliks kosmeties en Mobutu se heerskappy het voortgegaan totdat konflik in 1997 hom gedwing het om uit Zaïre te vlug. Die naam van die nasie is terug verander na die Demokratiese Republiek van die Kongo, aangesien die naam *Zaïre* sterk konnotasies met Mobutu se heerskappy gehad het.

### BRON 2B

Die volgende verslag het in die *Arms Trade Resource Center* in Januarie 2000 verskyn.

**Dodelike Nalatenskap:**
**VS Wapens na Afrika en die Kongo-oorlog** deur William D Hartung en Bridget Moix van die Arms Trade Resource Center

- **Bevinding 1 – As gevolg van die voortslepende nalatenskap van sy Koue-Oorlog-beleid ten opsigte van Afrika, dra die VS verantwoordelikheid vir die siklusse van geweld en ekonomiese probleme wat die kontinent teister.** Dwarsdeur die Koue Oorlog (1950 – 1989), het die VS meer as $1,5 biljoen se wapens aan Afrika gelewer.. Baie van die top VS-wapenkliënte – Liberië, Somalië, die Soedan en Zaïre (nou die Demokratiese Republiek van die Kongo of DRK) – was uiteindelik die top romppasiënte ('top basket cases') van die 1990's in terme van geweld, onstabiliteit en ekonomiese ineenstorting.
- **Bevinding 2 – Die voortslepende burgeroorlog in die Demokratiese Republiek van die Kongo (voorheen Zaïre) is 'n treffende voorbeeld van die verwoestende nalatenskap van die VS-wapenverkoopbeleid op Afrika.** Die VS het die heerskappy van die die Zaïrese diktator Mobutu Sese Soko verleng deur meer as $300 miljoen in wapens en $100 miljoen in militêre opleiding te verskaf. Mobutu het vir drie dekades sy VS-verskafde arsenaal gebruik om sy eie mense te onderdruk en om sy land se ekonomie te plunder totdat sy brutale regime in 1997 deur Laurent Kabila se magte omvergewerp is. Toe Kabila mag oorgeneem het, het die Clinton-administrasie vinnig militêre ondersteuning aangebied deur 'n plan vir nuwe opleidingsbedrywighede met die gewapende magte te ontwikkel.

**BRON 2C**

Die artikel hieronder met die titel *US Machinations in the Congo* deur SR Shearer, fokus op die bedrywighede van die Verenigde State van Amerika in die Kongo.

Die Canadian Center for Policy Alternatives het op sy verslag oor VS-konkelry in die Kongo uitgebrei.


'Mobutu se onbeperkte hebsug was sy ondergang. Solank hy die geplunder met die VS [en sy Europese lakeie], die Belge, die Franse, die Britte, die Hollanders en sy onderskeie Westerse korporasies wat die Kongo se ekonomie gedomineer het, gedeel het, het die VS hom ondersteun. Maar soos een waarnemer dit gestel het, "toe hy te veel vir homself hou, en 'n verleentheid word, was die VS gereed om toe te sien dat hy tot 'n val gebring word". In Oktober 1996, het die Rwandese weermag saam met Ugandese troepe [almal onder die leiding van die CIA] Zaïre [die Kongo] ingeval en teen Mei 1997 was die land oorgeneem en Mobutu is gedwing om te vlug. Sodat dit sou lyk asof dit 'n plaaslike rebellie was, het die Tutsi-Rwandese magte hulself die Alliance of Democratic Forces for the Liberation of Congo-Zaire (ADFL) genoem … **[Maar] soos die *Wall Street Journal* erken het, 'Die slotsom waartoe so baie mense van Afrika [met reg] gekom het, was dat die Kongo-rebellie van die begin af die geesteskind van Washington was'. Rwanda en Uganda was die VS se staatmakerbondgenote in die streek'.** Paul Kagame, die Rwandese leier, is by die US Army Command and General Staff College in Fort Leavenworth, Kansas in die US Special Forces opgelei en het die Rwandese weermag sedert 1994 in oproerigheid ('counterinsurgency'), vegkuns en sielkundige gevegsoperasies opgelei. Dit het instruksies oor gevegte in die Kongo ingesluit. Rwandese soldate is ook by Fort Bragg, North Carolina (VS) in Julie – Augustus 1996 (net voor die inname) in landnavigasie, geweerkuns, patrolleerwerk en leierskap van klein eenhede opgelei.'

Na die val van die Sowjet-Unie, het VS-verhoudinge met Kinshasa afgekoel, aangesien Mobutu nie langer as noodsaaklik as 'n Koue-Oorlog-bondgenoot beskou is nie en sy opponente in Zaïre eise vir hervorming versnel het. Hierdie atmosfeer het daartoe bygedra dat Mobutu die Derde Republiek in 1990 verklaar het. Die grondwet daarvan was veronderstel om die pad vir demokratiese hervormings te vergemaklik. Die hervormings was egter grootliks kosmeties en Mobutu se heerskappy het voortgegaan totdat konflik in 1997 hom gedwing het om uit Zaïre te vlug. Die naam van die nasie is terug verander na die Demokratiese Republiek van die Kongo, aangesien die naam *Zaïre* sterk konnotasies met Mobutu se heerskappy gehad het.

## VRAAG 3: HOE HET PW BOTHA SE TOTALE STRATEGIE TOT DIE KRISIS VAN DIE 1980's BYGEDRA?

### BRON 3A


Die volgende is 'n spotprent deur Zapiro wat toon dat die regering sommige beperkte hervormings daargestel het met die hoop dat dit interne weerstand sou ontlont. Vir die eerste keer is swart vakbond-unies wettiglik erken. Dit toon die twee kante van Botha: as 'n militêre man en as 'n dokter.




Kopiereg voorbehou 

**BRON 3B**

Hierdie spotprent is geneem uit *Shuters History* en beeld 'n spotprenttekenaar se indruk van die Driekamer-Parlement uit



**BRON 3C**

Hierdie uittreksel is uit *Making History* deur H Claire, et al., waarin swartes se reaksie op die Driekamer-Parlement beskryf word.

> Die UDF se veldtog om die Driekamerverkiesings te boikot, is in Julie 1984 van stapel gestuur. UDF-leiers het dwarsdeur die land gereis om mense te mobiliseer en vergaderings toe te spreek. Sprekers van verskillende geloofs- en rassegroepe het die platvorm gedeel en het met een stem gepraat om die Driekamer-Parlement te veroordeel. In Julie 1984, in Kimberley, het Albertina Sisulu, een van die presidente van die UDF, 'n konferensie toegespreek waar sy die regering se hervormingsbeleid gekritiseer het en aangedring het op die vrylating van Nelson Mandela en Walter Sisulu. Sy het ook klem gelê op die veelrassige aard van die UDF en het kritiek gelewer op die regering se beleid van 'verdeel en regeer'. Die UDF het die politieke landskap van Suid-Afrika verander en die verbeelding van duisende mense aangegryp. Dit het 'n passie vir weerstand ontketen en het die stryd van die 1970's weer aangewakker. Die UDF het programme van aksie teen die Driekamer-Stelsel en paswette beplan en het aan die voorpunt gestaan van die anti-apartheidstryd in die land.

**BRON 3D**

Die volgende uittreksel is geneem uit *In Search of History* deur J Bottaro, P Visser, et al., wat aandui dat die regering steun verleen het aan bewegings in die buurlande wat teen SA vryheidsbewegings baklei het.

> Die regering het buurlande probeer verhoed om Suid-Afrikaanse vryheidsbewegings te ondersteun deur klopjagte oor die grense heen op verdagte ANC-basisse uit te voer. Suid-Afrikaanse politieke leiers in ballingskap is geteiken en 'n aantal van hulle is gedood of beseer. Die Suid-Afrikaanse Weermag het ook opposisie-guerrillagroepe soos RENAMO in Mosambiek en UNITA in Angola ondersteun in 'n poging om die sosialistiese regerings in hierdie lande te 'destabiliseer'.

**VRAAG 4: HET DIE WVK (WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE) SUKSES BEHAAL OM VERSOENING IN SUID-AFRIKA TEWEEG TE BRING?**

**BRON 4A**

Die volgende is 'n uittreksel uit *Every Step of the Way, HSRC Report 2004* wat die samestelling en die taak van die WVK beskryf.

| **DIE FUNKSIES VAN DIE WVK** |
|---|
| Die WVK is vroeg in 1996 tot stand gebring onder die gesamentlike leierskap van Aartsbiskop Desmond Tutu en die voormalige geestelike leier en liberale politikus, Alex Boraine. Ander kommissarisse was vanoor die hele rasse- en politieke spektrum heen. Die kommissie se taak was om die skending van menseregte aan alle kante tussen 1960 en 1994 te ondersoek, getuienis aan te hoor van slagoffers en diegene wat geweld gepleeg het en waar daar volle openbaring was en duidelike bewyse van 'n politieke motivering was, die skuldiges te vrywaar van vervolging of siviele aksie. Die doelwit was om te verseker dat die waarheid uitkom. Afsonderlike amnestie-verhore is vir dié doel gehou. Dit is duidelik gestel dat skuldiges wat nie van hierdie geleentheid gebruik gemaak het nie, hulself aan vervolging sou blootstel. Die WVK is ook vir voorstelle gevra oor hoe slagoffers vergoed kon word. |

**BRON 4B**

Die volgende twee uittreksels is geneem uit *Every Step of the Way*. Dit bevat stories wat aan die WVK vertel is.

**UITTREKSEL 1**: **Joyce Mthimkhulu se storie**

Al wat sy gehad het, was 'n handvol van sy hare. Joyce Mthimkhulu het hierdie menslike oorskot meer as 20 jaar lank gehou. Wat vir Joyce Mthimkhulu moeilik was, was dat na al die jare, na al die pyn en sielswroeging en onbeantwoorde vrae, die waarheid oor haar seun se lot dit vir haar nodig gemaak het om van aangesig tot aangesig te wees met die man wat sy lot verseël het. Die wete dat die waarheid hom nou sou vrymaak, was moeilik ... Maar vir Joyce Mthimkhulu sou niemand ooit weer kon sê dat Gideon Niewoudt, polisieman en moordenaar, geregverdig was om Siphiwo se lewe te neem nie, en nooit weer sou enigiemand kon sê dat hulle nie geweet het nie.

**UITTREKSEL 2: Die Mxenge-familie se storie**

Kommentaar oor die WVK deur Churchill Mxenge, wie se broer en skoonsuster deur apartheidsera-sekuriteitsbeamptes doodgemaak is.

Soos dit nou staan, word dit net eenvoudig in ons kele afgedruk [die WVK se stelsel van amnestie vir diegene wat skuld erken], en dit is waarteen ons beswaar maak. Ons sê dat meer geregtigheid moet plaasvind, veral noudat ons 'n regering het vir wie ons meer as tien jaar lank gewag het om teen die oortreders op te tree.

**BRON 4C**

Die volgende is 'n foto van Albie Sachs, 'n regter van die Konstitusionele Hof, geneem uit *Newspaper History of South Africa.*

**Albie Sachs**



Regter van die Konstitusionele Hof, Albie Sachs, wat 'n poging tot sluipmoord deur middel van 'n voertuigbom in Maputo oorleef het, was daarvan oortuig dat die WVK 'n onmeetbare bydrae gelewer het tot die 'vermensliking' van Suid-Afrika.

**BRON 4D**

Die volgende uittreksel gaan oor De Klerk se siening van die werk van die WVK. Dit is geneem uit *Looking into the Past*.

FW de Klerk het ook die WVK gekritiseer omdat hulle beweer het dat hy verantwoordelik was vir die skending van menseregte terwyl hy president was. Hy het beweer dat hy nie daarvan bewus was nie, en toe hy daaroor ingelig is, het hy stappe gedoen daarteen. Ander leiersfigure van die apartheidsbewind – byvoorbeeld kabinetsministers, generaals en regters – het grotendeels uit die net van die WVK ontsnap. Min van hulle het getuig en geeneen is gestraf nie. Wanneer oortreders voor die WVK verskyn het, het hulle dikwels die feit betreur dat die politici, wat vir hulle die opdragte gegee het, nie vervolg is of selfs gevra is om voor die WVK te verskyn nie.

**ERKENNINGS**

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom uit die volgende publikasies:

1. Bottaro, J & Visser, P. 1999. *In Search of History Grade 12.* Cape Town: Oxford University Press
2. Dlalmini Netal. 2007. *Shuters History 12.* Shuter & Shooter publishers
3. Ministry of Education. 2004. *Every Step of the Way*: *The Journey to Freedom in South Africa.* Cape Town, HSRC Press
4. Spemier J & Proctok A. 2007*. New Africa History 12, Working with evidence from the past.* New Africa Books (Pty) Ltd
5. SACP *Discussion document, 1989*, *Has socialism failed?*
6. Newspapers, *Unbreakable Thread, Now racialism in South Africa*
7. Claire H, Deftereos R, et al. *Making History 2007*. Cape Town

Kopiereg voorbehou